# Wortels tot Vrugte

**Eduan Els 7/07/2019**

## 1. WORTELS TOT VRUGTE

**Lukas 6:43-45 "'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. 'n Boom word geken aan die soort vrugte wat hy dra. Vye groei tog nie aan doringbosse, of druiwe aan braambosse nie. 'n Goeie mens bring goeie dade voort uit 'n goeie hart, en 'n slegte mens bring slegte dade voort uit 'n bose hart. Wat ook al in jou hart leef, bepaal wat jy sê."**

**1.1.** Mense se vrugte is hul aksies (gedrag, woorde en reaksies op die lewe).
**1.2.** Ons wortel stelsel het 'n direkte invloed op ons vrugte.
**1.3.** Wanneer ons wedergebore raak kry ons 'n nuwe wortel stelsel.

**2 Korintiërs 5:17 "Daarom – iemand wat aan Christus verbind is, is 'n nuwe skepping. Die ou dinge is verby, kyk, die nuwe is hier!"**

**1.4.** Ons is egter geneig om eerder ons vrugte (aksies/gedrag) te probeer verander as om onsself te verbind aan ons nuwe wortel stelsel.

**Efesiërs 2:8-10 "Dit is mos dié genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie, want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe."**

## 2. HOE KAN JY IN JOU NUWE IDENTITEIT LOOP?:

**2.1.** Deur God se liefde vir jou te aanvaar en toe te laat dit jou hart verander. Wanneer jou hart verander sal jou aksies volg.

**Efesiërs 3:17-19 "Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees. Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word."**

**Esegiël 36:26 "Want Ek sal julle harte nuut maak. Dan sal julle heeltemal anders dink. Ek maak julle van voor af nuut. Ek haal julle ou harte uit wat kliphard geword het van al die slegte dinge wat julle doen. En Ek maak julle heeltemal gehoorsaam aan My."**

**Galasiërs 5:22-25 "Maar die vrug wat die Gees voortbring, is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Teen**

**sulke dinge is daar nie ’n wet nie. Maar dié wat aan Christus Jesus behoort, het die hartstogte en die begeertes van hulle sondige geaardheid gekruisig. Ons lewe deur die Gees; daarom moet die Gees ook ons leefstyl bepaal.”**

**2.2.** Deur aan God verbind te wees en tyd saam met Hom te spandeer.

**Johannes 15:1-9 “Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af. Elkeen wat egter vrugte oplewer, snoei Hy sodat dit nog meer vrugte kan dra. “Ek is die ware druiwestok en my Vader is die tuinier. Julle is reeds skoon gesnoei deur die boodskap wat Ek met julle gedeel het. Julle moet aan My verbonde bly soos Ek aan julle. ’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as dit nie aan die druiwestok verbind bly nie, en só julle ook nie as julle nie aan My verbonde bly nie. “Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly en Ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. Wie nie aan My verbind bly nie, word weggegooi soos ’n loot en verdroog. Hulle maak gewoonlik sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand. As julle aan My verbind bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. Dit is juis hierin dat my Vader verheerlik word, dat julle baie vrugte oplewer en my dissipels is. “Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet aan my liefde verbonde bly.”**

**2.3.** Deur jou stukkende wortels te konfronteer:

- Erken dat jy seer gekry het.
- Gee jou seer oor aan die kruis.
- Laat die Heilige Gees toe om jou seer gesond te maak.

**Matteus 11:28, "Kom na my toe, almal wat swaar belaai en ek sal jou rus gee."**

**Psalm 23: 3 "Hy herstel my siel. Hy lei my in die pad van geregtigheid ter wille van sy Naam.”**

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Watter vrugte (aksies/gedrag) in jou lewe probeer jy op die oomblik verander?
2. Kan jy ‘n probleem in jou wortel stelsel identifiseer wat die vrugte (aksies/gedrag) veroorsaak?
3. Wat gaan jy omtrent die probleem in jou wortel stelsel doen?